The genius of Christianity lies in the direction of creating equalities in an atmosphere where the inequalities of life are accepted as necessary for the moment, but changeable under the guidance of God. It is co-operation with the guidance of God that is the key to the whole position.

3. The Excellence of Christian Love

We have seen so far how freedom becomes unreal unless it is controlled by unity. It has also been argued that equality is meaningless if there is no recognised standard of judgment. That leaves us with the question of what standard of judgment we have to apply to our lives.

(a) Deplorable modern standards

One of the features of modern life is mass-communication in which the radio, films and the press play prominent parts. Many of the controllers of these instruments of popular thinking say openly that it is their task to find out what the public wants and then to sell it to them. As a result our Sunday papers publish trivialities, the most popular films are banal in the extreme and the radio serves to provide background music in many a household. The ultimate result of this attitude is that the politician becomes a party stooge, the artist an overdraft-conscious showman, the journalist a nosy Parker and the popular preacher a salesman of second-hand thoughts.

On the one hand, the advertising agencies can be blamed for reducing our standards of excellence to the lowest common denominator of effortless acceptance. Only rarely does one hear of a publisher refusing an advertisement because of some fault in the commodity to be advertised. It was most refreshing to read this year of a popular magazine that is refusing to accept any more advertisements for tobacco because of the association of tobacco smoking with lung cancer.

But one cannot blame the media of communication only for the lack of excellence in our standards of judgment. There is a fundamental human laziness that prefers pictures to words, that reads comic strips rather than editorials, that chooses the film before the novel, that covers up inadequate shortcuts with the word "efficiency" and in the end has no time for God, the Creator of the universe.

(b) The more excellent way

Christianity presents to all these "the more excellent way" described by Paul. For him the more excellent way was the way of self-sacrificial love. In a world that accepted slavery he preached freedom to serve Christ within the kingdom of God. In a society of inequalities, he proclaimed equality within the church of Christ.

If he, the greatest of all missionaries, were to travel round the world in a jet airliner today, he would still recognise the Hebrew insight in

• Cont. on page 5

RAS EN REALITEIT

Prof. Dr. J. C. G. Kotzé

Om in 'n gevaarlike en moeilike wêreld te lewe soos dié van ons dag, vereis nugtere besinning oor realiteit en heldere perspektiewe in verhoudinge. Om dit te doen moet mens eie tyd en era ken, aanvaar en bewerk. En een van die realiteit van ons era, waarmee almal, maar dikwels op heel verskillende wyse, besig is, is die verhouding van rassegroepe. Geen land ontkom vandag hieraan nie — en oral is dit van die uiterste belang en dikwels selfs gevaarlik.

As byvoorbeeld die Amerikaanse president duisende soldate teen miljoene dollar koste gebruik om een nigerstudent, James Meredith, in Ole Miss. Universiteit Mississippi te integreer; of as op "Thanksgiving Day" op 'n voetbalveld van Washington D.C. Amerika 'n verbitterde geveg tussen groep van blankes en negers uitbreek so laat as in die jaar 1962; of as 'n swart kondukteur sy een oog verloor op 'n laaste busreis in die nag deur die misdadige aanval van 'n groep Engelse seuns laas week in Londen; of as teen alle verwagting in op 14 Desember die politieke situasie in Suid-Rhodesië so totaal verskuwe vanweë rassoorweringe dan is dit alles aanduidings wat ter beheersende rol rasseaangeleenthede vandag in die wêreld speel. Hier is 'n realiteit wat niemand kan ontvlug nie, en wat selfs bale gevaarlik kan word.

WAAROM SO AKTUEEL?

Onwillekeurig ontstaan die vraag waarom juis hierdie saak vandag so emosiebelaaal en aktueel geword het? Dan wil dit voorkom of die kleurfansatisme van die twintigste eeu deur vier uitstaande faktore beheers word.

Voor alles is dit 'n uiters effektiewe middel vir kommunistiese propaganda teenoor die weste, veral soos dit sy steun in die Verenigde Volke vind. Ook speel die skuldige gewete uit die dae van slawerny en kolonisme 'n verlammende abdikerende rol in die weste. Daarby kom dat onder die nie-blanke miljoene van die wêreld daar 'n ongeëwenaarde selfontdekking en eie waardering juis deur Westerse invloede en arbeid ontstaan het, wat die vorm van 'n bruisende, ongeduldige, te vroeg rype gestalte aangeneem het. En vanweë die haas onbeteuelde eise van hierdie nasionalisme, met die smartlike vrugte wat dit elders reeds afgewerp het, kom nog 'n laaste faktor wat die rasseaangeleenthede so spanningsvol maak; die vrees in die gevoed van blankes veral op Afrikaanse bodem. Hulle sien in kleur 'n bedreiging wat nie gering geskat kan word nie.

Juis al hierdie faktore maak dit uiters moeilik om kalm en nugter te dink en te handel in 'n vraagstuk van sulke wêreldformaat. Die versoek is dan altyd groot om rondom hierdie onaangename realiteit neuroties-ontvlugtend op te tree. Dan begin ons met illusie spekuleer, wat die kwaad nie bemeester nie maar verdring. En soos in die geval van die enkeling slaag ons nie om dit te ontfvlug nie, maar maak dit erger.

Wat is 'n illusie? Volgens J. H. van Dale is dit 'n droombeeld of inbeelding, waarvan jy meen dat dit aan die werklikheid beantwoord, terwyl dit nie die geval is nie — dit is intendeel 'n ontfvlugting van die werklikheid. Of dit kan ook 'n verwagting wees, wat ons graag verwesenlik sou sien, maar wat nie verwesenlik kan word nie, omdat dit nie met die werklikheid rekening hou nie. Rondom die huidige rasprobleem vind ons dergelike illusies al-kant van die kleurlyn wat die saak uiters gevaarlik maak.

KENMERKENDE VOORBEELDE.

Daar is die illusie van die goeie ou tyd, toe die verhouding tussen baas en kneeg so rustig en mooi was. Ons dink aan die vriendskap van die goeie baas en getroue kneeg, en verlang dat die vredesame verhouding nog mag be-

staan. Dan veroordeel ons die huidige te bewerkstellig met die geleerde en op-toestand as ontaarding, omdat ons dit moeilik vind om 'n regte verhouding gevode na komeling van ou booi. Hy wil nie meer daar by die middeldeur op die grond by die hulsgodsdiens kom sit nie. Hy het nou „bevoeterd" geraak. Hier is 'n illusie wat misluk om met realiteit van die twintigste eeu te reken. Dit laat my dink aan twee gebeure uit my eie lewe. Meer as vyftig jaar gelede het ek en Willem Koetat my kleurling-maat op die plaas so lekker gespeel. Hoe verskillend die ander prentjie! Te "Yale" Universiteit kom besoek 'n fyn geleerde student my uit Ghana, reeds sy B.D. agter die naam, toe op weg met 'n beurs na Bonn in Duitsland, vir sy doktorsgraad in teologie. Kyk hoe verskillend die twee realiteit in een lewe. Wie na die oue hunker omdat hy die nuwe realiteit nie kan aanvaar en hanteer nie, leef in 'n gevaarlike illusie.

"EEN MAN EEN STEM"

So is daar die illusie wat vandag in naam van gelykheid (equality) al-lerlei eise stel, wat net eenvoudig met die realiteit van die lewe nie reken nie. Ons kom later daarop terug — genoeg om hier te sê, dat die nuwe gelykheidsfilosofie gefundeer is, nie in die skrif nie, maar in die humanistiese idealisme. So word die oorspronklike begrip eenheid verander in dié van eendersheid. Waar in die eerste geval ruimte gelaat word vir die realiteit van groot verskille en ryke verscheidenheid in die menslike geslag, wil die tweede begrip, in teenstelling met alle realiteit, die verskille uitwis en selfs ontken. Dat kan in naam van gelykheid eniglets geëis word, sonder die ontwikkelde vermoë om daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar. Dit is op hierdie illusie wat die kreet van: een man een stem rus. En Afrika ook die Verenigde Volkere, het al getoon dat hier 'n illusie is met noodlottige gevolge. Soos bevoorbeeld „De Telegraaf" in Nederland skrywe in verband met die jammerlike toestand in die Kongo: „Met dat al is Kongo, dat veel te vroeg de onafhanklikheid verkreeg, waarvoor het nog lang niet ryp is, een heel ongelukkig land." Maar luister mens na V.V.O. en na so bale in oorsese lande, word dit altyd geëis: Nou! Geen uitstel nie! Die tyd is kort! Dit alles rus op 'n illusie; die miskenning van die feit dat mense en volke slegs geleidelik tot normale volwassenheid kan kom, en dat die waarheid van gelykheid die werklikheid van allerlei verskille nie ontken nie.

Op raseterrein is daar ook 'n ander illusie wat noodlottig werk. So gemaklik dink ons dat ons ons medemens (in die geval die nie-blanke) alles gee het wat die Christelike naasteverhouding vereis wannek ons aan hom geld en goed, ook geestelike goed, gee het. Dit is moontlik om dit alles te doen en tog jouself aan die naaste te onthou. Dit is 'n versoek in Suid-Afrika. Niemand kan ontken nie dat die blanke vir die nie-blanke hier steeds ontsaglik veel probeer doen, en tog kan ons hele benadering van Bantoetuisse en differensiasie net maar 'n vorm bly van om onself aan die nie-blanke naaste te onthou. Maar dit geskied probeer ons die probleem oplos, sonder die wese daarvan aan te raak. Dan speel ons met 'n gevaarlike illusie.

Ook is daar oorsee die siening oor Suid-Afrika wat geen hart vir die 3 miljoen blankes het nie, omdat hulle

as blote koloniste beskou word. Hulle kan en behoort enige dag te vertrek huistoe! So vra iemand in Amerika my: „Wanneer vertrek julle blankes uit Suid-Afrika?" My antwoord was 'n tecnvraag: „En wanneer meen u om om uit die Verenigde State te vertrek?" Hier is die kennelike illusie dat die State vanweë sy groot blanke getalle geen kolonie meer is nie, maar Suid-Afrika wel. In kringe waar so gedink word — en daar is baie van hulle — mis mense ook weer die vermoë om met realiteit te reken. Daarom het die blanke vir hulle in Suid-Afrika geen betekenis nie.

"BLANKE SUID-AFRIKA"

Daarteenoor moet ook weer die blanke in Suid-Afrika teen 'n ander vlug van die werklikheid waak. Dit is so heel algemeen om ons mense te hoor spreek van „blanke Suid-Afrika". Goed en wel as ons daarvan bedoel om die „blanke deel" van die inwoners van Suid-Afrika aan te dul. Maar dit word 'n illusie en daarvan 'n vlug van die werklikheid as ons met „blanke Suid-Afrika" wil voorstel dat daar nie ook miljoene nie-blanke inwoners van Suid-Afrika is wat netsoveel aanspraak op hierdie land het as hulle gebuortetuiste nie. Dit is met hierdie illusie in die gemoed dat ons dan geregtig voel om oor mense se toekoms te besluit in plaas van met hulle. Nou hiermee hang saam 'n ander gevaarlike illusie, naamlik, dat Bantoetuisse die volle oplossing van ons rasvraagstuk is. So gemaklik kan ons dit sien as 'n towerspreuk, wat die volle antwoord bevat. Dit is 'n uiters gevaarlike onrealistiese geestesgesteldheid. Selfs al slaag ons om die plan volmaak uit te werk, laat dit die land nog met dieselfde kleur situasie, alleen dan met minder dreiging van getalle. Wie dus meen om in Bantoetuisse die ontfvlugting te vind van 'n beslissing oor kleur verhoudings, soek toevlug in 'n uiters onbetroubare illusie. Ook Suid-Afrika kan die reali-

maak hoe diep hierdie hele saak die mens in sy hart gryp. Wat meer is — ons het hier met 'n realiteit te doen wat dikwels so moeilik en pynlik is, dat mense die werklikheid loslaat en in illusies vlug. Dit is noodlottig. So word die saak nie opgelos nie, maar afgeskuwe, uitgestel en gevaarliker gemaak.

DIE DONKER OOG OP SUID-AFRIKA.

Ons bewering dat mense so dikwels misluk om oor rasseaangeleenthede nugter te dink, word oorvloedig gestaaf deur wat 'n Suid-Afrikaner oorsee teekom. Tensy mens al die dinge maar objektief neem as studiegeleenthede, is dit gewis geen gemaklike saak om alles te verteer nie. Maar jy kan nie alles objektief neem nie. Soms maak astrante onware aantydings jou kwaad; dan weer pynig ware aanklagte jou hart. Alles saam geneem is die ondervinding egter uiters verrykend en dwing dit jou om jou perspektiewe weer meer sekuur en fyn in te stel.

As daar vandag 'n land op aarde is, wat met 'n donker oog gesien word dan is dit Suid-Afrika. En as mens dan die uitsprake ontleed, bemerk jy pas met hoeveel inbeeldinge en wanbegrippe mense op die rassterrein spekuleer. Hierdie ondervinding het ook dié voordeel om jouself bewus te maak hoe groot die versoek is om in hierdie wêreld-probleem inbeeldinge en teorieë te huldig, wat aan die waarheid en werklikheid nie beantwoord nie.

HOE MENSE OOR SUID-AFRIKA DINK.

Om die leser enigsins 'n idee te gee hoe mense oor Suid-Afrika dink, sal dit beste wees om hulle in 'n paar verteenwoordigende groep te verdeel. Deur lektuur, persoonlike gesprekke, diskussiegroepe en vroeë en aanvalle na lesings het ons alle moontlike insigte in oorsese gedagtegang probeer bekom. Sover het ons veral in drie lande, Amerika, Engeland en Holland, die gulde geleenheid gehad om sulke gewens vas te stel.

DIE ONKUNDIGES.

Daar is die astrante onkundige, wat nog van die Suid-Afrikaanse situasie

HIERDIE IS DIE EERSTE VAN 'N AANTAL ARTIKELS OOR RAS EN REALITEIT WAT IN ONS BLAD SAL VERSKYN UIT DIE PEN VAN PROF. J. C. G. KOTZÉ VAN DIE NED. GEREF. KWEKSKOOL TE STELLENBOSCH. PROF. KOTZÉ IS OP DIE OOMBLIK IN DIE BUITELAND WAAR HY O.A. OOK BESIG WAS MET 'N HERNUDE STUDIE OOR DIE HELE VRAAGSTUK. DIE TWEEDE ARTIKEL SAL HOPELIK IN DIE FEBRUARIE-UITGAWE VERSKYN.

tiet nie ontfvlug nie; hierdie een roep om 'n nuwe beslissing aangaande kleur as sodanig.

DESEGREGASIE NOG NIE INTEGRASIE.

Nog 'n illusie wat my op die gebied oorsee getref het, is die idee dat desegregasie noodwendig integrasie beteken. Mens kan saamgepers word, en tog geen integrasie bevorder word nie. Integrasie elis 'n affiniteit van gees, en tensy dié deur ontwikkeling, oortuiging, opvoeding en Christelike gesindheid verwesenlik word, kan van integrasie geen sprake wees nie. In lande met desegregasie word die feit telkens weer bewys. Legalisties kan dit hier links of regs nie gedoen word nie. Die staat kan hoogstens ordereëng verseker. Dit is die taak van die Christelike Kerk om menslike verhoudinge te bevorder.

Daarom huis is dit 'n verdere illusie as 'n volk dink dat die owerheid alleen die rasvraagstuk kan oplos. Dit kan nie! Amerika se jongste optree in dié verband is 'n sterk bewys dat dit nie kan nie. In 'n volgende skrywe sal ons meer daarvan vertel. Nee, hier is 'n vraagstuk wat so die hart van die volk se lewe en bestaan raak, dat die hele nasie daarin opgevoed moet word. En moenie dink dat die volk se verantwoordelikheid in die verband by die stembus afgehandel word nie. Dit gaan hier om verhoudinge en gesindhede — daarsonder is alle pogings illusies!

Genoeg is gesê om ons bewus te

nog van die wese van die probleem iets begryp. So het 'n Amerikaanse dominee eendag aan tafel my spysvertering byna geheel versteur met die verwytende vraag: „Maar waarom kersten en beskaaf julle nie die mense nie, dan hoef julle mos geen integrasie te vrees nie?" Trouens vir hierdie groep is die blankes in Suid-Afrika niets meer dan blote verdrukkers van die nie-blanke nie; niets meer dan kleurfansatieke, wie se lot deur 'n komende revolusie gaan beslis word.

DIE SENTIMENTELES.

Nou verwant aan die groep is die mense met 'n sentimentele kleurfansatisme. Mense met 'n donker vel is vir hulle meestal martelare van wit dominasie en moet teen enige koste bevry word. By hulle kleef daar 'n sieklike sentimenteiteit teenoor 'n donker vel. In enige samekoms is hulle optree teenoor die nie-blanke dan ook so beskermd en patroniserend dat die selfstandige nie-blanke daarvan walg, en daarin huis die openbaring sien dat hulle as nie-blanke nog nie die status van volwaardige burgers toegeken word nie.

DIE VYANDIGES.

Ook aan naakte bittere vyande ontbreek dit hier nie, veral studente tel onder hierdie groep. Ook studente uit Afrika (en daar is baie van hulle) tel onder dié groep. Dit het my egter

getref dat laasgenoemdes in die verste verte nie so 'n verdoemende gees het as die blanke studente en die Amerikaanse negers nie. Vir hierdie mense gaan dit net om één ding, soos hulle dit noem, die uitsluiting van „opportunities“ bloot op grond van kleur. En wat van alles wat ons vir die nie-blanke, insluitende skole en universiteite vir hulself, doen? Vir dié groep is dit 'n tevergeefse vraag; solank ander universiteite, werkgeleenthede en die stembus vir mense op grond van kleur geweier word. Die Suid-Afrikaanse benadering van differensiasie en parallelle ontwikkeling is vir hulle net nog die bestendiging van kleur-diskriminasië en gevoglik verdoemlik.

Dit is uit hierdie groep wat 'n neigerstudent my gedurende vrytyd, ek kan amper sê, toegesnou het: „Julle is niks anders as 'n klomp Nazis nie!“ Om die kennelike spanning te breek het ek tot vermaak van die gehoor gevra: „Nee, my vriend, want dan sal daar nie mense oorgebly het met wie ons 'n rasprobleem kon gehad het nie.“

DIE VRIENDE.

Maar Suid-Afrika het ook sy groot vriendekring. Onder hierdie groep tel veral hulle wat sowel van Afrika as van die wesenlike probleem kennis dra. Ek was gelukkig om 'n groot aantal van hierdie persone te ontmoet. Hulle besef dat Suid-Afrika geen kolonie is nie en dat sy eintlike probleem soos etlike van hulle dit uitgedruk het, in „wit probleem“ is. Hier is vir hulle 'n paar miljoen „wit Afrikane“, wat geen ander tuiste het nie. Hierdie kenmers ag die huidige kreet van „een man een stem“ dan ook belangrik en instryd met alle realiteit.

Maar ook onder hulle, van wie etlike reeds herhaalde male Afrika en Suid-Afrika besoek het, kon ons niemand vind, om die minste te sê, wat aanvaar dat ons inderdaad besig is om die kleurkwessie op te los. Want selfs al sou ons redeneer, veral die persone uit Amerika, van die Bantustans enigsins 'n sukses maak, het ons daarmee in die lig van die Kuba-krisis ons grense nie beveilig nie, en die eintlike kleur-probleem in Suid-Afrika nog nie besleg nie. Hoewel dié mense so van ons verskil, erken hulle die uiters moeilike karakter van ons probleem, en bly simpatiek hoop dat 'n oplossing vir beide groepe in Suid-Afrika gevind sal word.

DIE LES VIR DIE KERK.

Genoeg om te toon, enersyds hoe totaal alleen Suid-Afrika met sy benadering van die rasprobleem staan, andersyds hoe die wêreld daarbuite intens besig is met hom. Die totale indruk, waarmee mens terugkeer, is dat die twintigste eeu 'n kleurstyd ken soos die 18de en 19de eeu 'n klassiestyd gehad het.

En as daar iets hieruit te leer is, dan moet die kerk van Christus hieruit leer dat hy in daardie dag goed probeer doen het, sonder om die regte ding te doen. Eers het die kerk afsydig gestaan, ondanks die smarte van die verdrukkte klasse. Toe het dit begin filantropiese pogings aanwend, sonder om tot die wortel van die kwaad deur te steek. Dit het berus in toestande, sonder om profeties reg en geregtigheid te preek. Dit is huis hier, wat 'n Karl Marx die hef uit die hand kon neem het, en vir die verdruktes gedoen het, wat die kerk versuum het. Dit is 'n

les van die geskiedenis, wat ons nie durf verontagsaam nie.

ONS GROOT BEHOEFTÉ.

Dat ons hier met 'n probleem te doen het, wat byna naas die atoom bom die kenmerkende probleem van die twintigste geword het, is beswaarlik te ontken. Die ganse wêreld is daarmee besig. Dit word nog meer intens gemaak deur die verskrikkontwaaekte Afrika. Hier vind mens 'n brandende nasionalisme, wat wel op menige punt gekorrigeer moet word, maar wat niemand hulle durf verwyt of ontsê nie. En die opslag en mag wat hierdie wilde en onvolwasse nasionalisme deur blote getalle in die Verenigde Volke verkry het, maak dit van wêreldbelang en wêreldgevaar. Dit twintigste eeu stel geen groter eise nie dan dat hierdie nasionalisme sal aanvaar, verstaan, opgevoed en geleid word. Maar watter ontsaglike probleme is daarmee nie gemoei nie. En vir geen volk raak dit so intens as huis vir Suid-Afrika nie. Dit huis bring my by die vraag, waarom ek die las op my hart voel as seun van my geliefde land om oor dit alles te skryf? Dit is gebore uit die oortuiging dat 'n ewerheid alleen nooit so 'n probleem kan oplos nie. Trouens die ewerheid is Regeerdeer, maar ook Verleenwoordiger van die volk, wat hom daar plaas. My oortuiging is dat ons hier almal saam moet werk. Hier moet veel gebid, gedink en geleer word.

GEMEENSKAPLIKE BESINNING VAN ANDERSDENKENDES.

Wat dan? Ek is bevrees dat ons politiek-gevriteerde toestand beswaarlik geleentheid bied vir gemeenskaplike besinning. Ons bly gedurig in kampe

opgesluit, en verstaan so bitter min daarvan dat mense met verskillende oortuiginge tog as vriende en medewerkers om 'n ronde tafel van gesprek gesamentlik arbei. Meestal praat mense in ons land met dieselfde oortuiginge saam, en neem die gesprekke meer die vorm aan van 'n voorafuitgemaakte standpunt wat bevestig of verdedig moet word. Wie daarmee verskil word ergens geklassifiseer en klaar! Niks kan meer noodlottig wees nie. Daarom pleit ek hier vir gespreksgroepe van mense wat met mekaar verskil. Maar om dit te doen is nodig dat ons mekaar aanvaar, na mekaar luister en weet dat die ander man se oortuiging vir hom net so 'n heilige saak is as wat myne vir my is. Ons voer niks uit met mekaar te beveg nie. Ons het mekaar te nodig. In so 'n stryd kan dit alte gemaalklik gebeur dat ons handel soos swak voetbalspelers; hulle speel nie die bal nie maar mekaar. Ek pleit vir ware gespreksgroepe van mense wat met mekaar verskil. So alleen kan ons hierdie gemeenskaplike nood en taak dien.

Waar mens eerlik is met feite, opreg in jou beskouing en lojaal aan jou volk, het ek in die afgelope maande gesien, gaan die mees onverwagte deure oop. Ek het gevind dat dit werk om jou teenstanders te ontmoet met die volgende inleiding: "I refuse to be floored, because I fight nobody; I refuse to be despised, because I am loyal to my country; I refuse to be denied, because, as I see it, I am faithful to truth."

Ook in Suid-Afrika kan hierdie gesindheid deure oopgooi en botsende groepe srambring.

Daarvoor pleit ek hier!

THE CHURCH IN AFRICA

LITURGIESE ORDE VAN EREDIENS IN NED. GEREF. KERK DEUR ALGEMENE SINODE VASGETSEL.

Sedert die Raad van die Kerk enige jare gelede sekere aanbevelings t.o.v. die liturgiese orde van ons erediens voor die sinodes gelê het, is uiteenlopende besluite geneem en het daar verwarring in baie gemeentes ontstaan. Dit het daarop neergekom dat baie gemeentes en predikante eenvoudig elkeen hulle eie liturgiese orde gevolg het.

Nou het die Algemene Sinode die liturgiese orde vir die hele kerk vasgestel en ons vertrou dat dit deur al die kerkrade en predikante gevolg sal word. Ons gee hieronder die orde vir die Oggenddiens soos deur die Sinode bepaal:

1. Votum.
2. Seëngroot.
3. Lofsang.
4. Lesing van die Wet. (Sang: Ges. 59 vs. 11).
- Gepaste tekse soos bv. 1 Joh. 1 : 9; Eseg. 36 : 26 en 27; Rom. 8 : 1.
5. Geloofsbelofte (mag deur die gemeente hardop gesê word).
6. Sang: Ges. 52 vs. 11.
7. Skriflesing.
8. Gebed.
9. Sang.
10. Preek.
11. Gebed (met of sonder die Onse Vader).
12. Kollekte (koor).
13. Slotsang.
14. Seën.

Die orde van die aanddiens is dieselfde behalwe dat die Wet en belofte na eie keuse gelees of gelaat kan word.

Dit is tog noodsaklik dat lidmate wat dienste in verskil-

lende gemeentes moet bywoon nie deur willekeurige afwyking van die liturgiese orde verwarr of selfs ontstig sal word nie.

„Die Voorligter“, Des. 1962.

IS CANADA BECOMING A CATHOLIC COUNTRY UNITED CHURCH OF CANADA

The United Church of Canada's General Council, highest court of the denomination, held its 20th biennial meeting during nine mid-September days in London, Ont. Nearly 300 commissioners — about equally divided between ministers and laymen—attended.

After the opening communion service Hugh A. McLeod, the retiring moderator, gave an address which was a masterly record of his stewardship and a shrewd appraisal of the state of both church and nation. On the latter subject he rocked his listeners and earned a wide series of press, radio and TV accounts. The retiring moderator pointed out that the 1961 decennial census showed that the Roman Catholic Church increased its membership 37 per cent in Canada in the past ten years, while the Canadian population increased only 30 per cent, the United Church 27 per cent and the Anglican Church 17 per cent. McLeod declared that the report foreshadows the day when Canada will be a Catholic-dominated country, and that such a development, master-minded by a monolithic church, would be a threat to liberty.

Die orde van die aanddiens is dieselfde behalwe dat die Wet en belofte na eie keuse gelees of gelaat kan word.

Dit is tog noodsaklik dat lidmate wat dienste in verskil-

CONFERENCE ON CHRISTIAN EDUCATION IN A CHANGING AFRICA

From the 29th December, 1962 to the 10th January, 1963 the All Africa Churches Conference has called a Conference on Christian Education in A Changing Africa, at the University College, Salisbury, Southern Rhodesia.

In the history of education in Africa the Phelps-Stokes Commissions of 1920-25 marked the end of the pioneering epoch of the Missions and the beginning of planned cooperation between Church and State. The Cambridge Conference of 1952 on Education in what was still British Colonial Africa was the first stage in a new appraisal. The Churches were not so prominent as in 1925, but there was an underlying assumption that the basis of the education being planned was religious and that the Churches, as Voluntary Agencies, still had a major part to play in cooperation with Governments.

In 1961, a Conference on education in Africa was called by Unesco in Addis Ababa. The resulting Addis Ababa plan has begun to revolutionise the pattern of education in Africa. The fundamental tenets of the Addis Ababa Conference suggest that the purpose of education as training for a full life is to enjoy an adequate share in the material benefits of a competent technological state structure, with emphasis on "material" rather than "spiritual".

Therefore the Churches in Africa are now facing new and far-reaching questions. What Christian insights are available in planning this educational system for a Welfare State? What is the specific contribution the Churches should now make?

These questions will be fully discussed at this Conference on Christian Education. About one hundred and twenty persons, including members of the Christian Churches engaged in education in Africa, members of Mission Boards and Foundations, and educational experts, will meet. In order to prepare for the Conference, a Planning Committee has been set up under the chairmanship of Dr. Donald M'Timkulu, the Secretary of the Provisional Committee of the All Africa Churches Conference.

The Conference will discuss both the policy of Christian Education and the practical steps to be taken by the Churches, over the next ten to twenty years, in their contribution to the educational development of the newly independent countries of Africa.

(Prayer Leaflet, All Africa C. Conference).

Reformed Meeting in Nigeria

The World Alliance of Reformed Churches' executive committee held its first meeting on African soil Aug. 26-30. The meeting, at Ibadan in Nigeria, followed a consultation on the mission of the church in west Africa attended by representatives of Presbyterian and Reformed churches from all over the continent.

The Christian Century Oct. 17 1962.

DIE KERK IN AFRIKA MEV. J. DE BRUIJN RAPPOERTEER:

Ons is dankbaar dat ons die geleentheid gehad het om die inwyding mee te maak van 'n nuwe kerk. As ons sien hoe baie kerke daar elke maand in ons land in gebruik geneem word, is dit niks besonders nie. Dis waar, maar tog is daar by hierdie kerk 'n paar aspekte wat die inwyding wel tot 'n besondere geleentheid gemaak het. In die eerste plek gaan dit om 'n kerk wat 'n unieke plek inneem in die Nederduits

Hervormde Kerk van Afrika. Die Nederlands-sprekende gemeente van hierdie kerk het nou hulle eie kerkgebou in gebruik geneem. Hulle het lank gesukkel met hulle vergaderplekke, maar nou is hulle in die besit van 'n eie, besonder mooie kerkgebou. Dit tweede besonderheid van hierdie kerkgebou is, dat dit gebou is deur die vakmanne onder die lidmate met hulp van die nie-vakmanne, wat opgetree het as houthalkers en waterdraers. Niks as lof vir die pragtige stuk vakmanskap wat hulle gelewer het. Dis beslis die moeite werd om 'n besoek te bring aan die gebou en op Sondagmôre om 10 uur 'n diens mee te maak. Die gebou lê aan Etonweg 4 in Parktown - Johannesburg. en leraar is ds. J. L. G. Knottnerus.

Daar is vrae oor die beslaansreg van so'n kerk. Hoe kom sluit die lidmate nie aan by 'n Afrikaans-sprekende kerk nie. In die eerste plek is daar brie Hollanders wat maar tydelik in Suid-Afrika bly, wat hulle nie permanent kom vestig nie. Dan is daar mense wat maar swak kerkgangers is en hulle glad nie huis voel in die kerk nie. Tog het hulle soms die behoefte om 'n diens mee te maak, maar kom nie sover dat hulle na 'n Afrikaanse kerk gaan nie. Party van hulle sou moonlik aansluit by die Engelse kerke, waar hulle missien ook nie sou huisvoel nie. Die Nederlands-sprekende gemeente sal dus die meeste van die Hollanders wat van die kerk verwreem is, aantrek. Hulle is dan in die gemeenskap opgeneem, terwyl hulle anders mistien in die grootstad sou verloor geraak het.

Ons sal nie baie sê oor die inwydingsdiens self. Dit was 'n besonder indrukwekkende liturgiese diens, wat deur afgevaardiges van verskillende Engelse en Afrikaanse kerke bygewoon is. Spesiale vermelding verdien die uitstekende prestasie van die kerkkoor wat aan die diens meegewerk het.

Christian Citizens

• Cont. from page 1

the amenable, those we feel passionately in love with and those we feel neutral to. The injunctions to us in the Johanne writings to love are so very basic to this that we must mention one or two: —

"This is my commandment that you love one another, even as I have loved you"; "He that says he loves God and hates his brother is a liar; for he that loves not his brother whom he has seen cannot love God Whom he has not seen."

It is not for me to expand the N.T. concept of "Love" (agape) as used in these quotations and other parts. But I do want to stress that Christian Love clearly involves caring for the welfare and dignity of all who are affected by what we do or leave undone. This for us in South Africa applies with greater relevance to the groups in our population who have the ability to do things, those who have the voice the vote and privileges. On the other hand, and this applies to my people more, the light of Christian Love being shed upon questions of Christian Citizenship or any group relationships shows that as Christians we cannot write off, not even think of writing off, another person, (mark you I say person irrespective of whether he is Christian or not). His politics and whole world-view may be wrong, unacceptable, or even dangerous but he is still man, and defaced though it may be beyond recognition, still bears the IMAGO DEL.

• Cont. from page 4

to the nature and purpose of God. He would see the Greek sense of reverent curiosity about the universe at work in the beaver-like research of our best scientists. He would appreciate the French capacity for clear logical thought, the German enthusiasm for sustained industry, the British experience of political wisdom, the Russian sense of community and the American achievement in nationhood. What he would say today of India and China would probably not differ much from what he would have said in the first century. Paul would recognise that each nation has made, and is making, some contribution to life on this earth and that in a shrinking world we are all becoming members one of another.

(c) Faith, hope and love

But what would he say of Africa? I believe that he would call on the 52 million Christians in Africa to realise that the time has arrived for them to put into more effective practice the way of Jesus Christ, the more excellent way of love. He would remind them, as he reminded the Christians of Corinth in his great hymn of love, that the day of self-display and self-importance is over; that eloquence, God's gift to the African, should be inspired and disciplined by the spirit of Christian love; that mutual kindness, which is such a happy feature of both African community life and European homestead hospitality, must be motivated by unselfish love rather than by tribal loyalties.

He would speak of faith, hope and love, and remind us all that the greatest excellence of life is still to be found in the love of God as revealed in Jesus Christ. ★

This love perspective, therefore, knows not vengeance, it "blesses those who curse" it. It does not condone evil, and wrong and injustice; it fights against them and seeks to destroy them, but it forgives their perpetrators and sees in them brothers. This, friends, is what we should try to live true to; to hate evil and wrong and injustice done against us and those like us, but not to hate those who do it, instead to love them and forgive them. "Love your enemies; be good to them that harm you." It is not easy!

MOTIVES AND INTENTIONS

It is right, I feel, that after speaking about love and forgiveness we should come to motives and intentions in public and private lives. R. Niebuhr, the American theologian, has very successfully pointed out the subtlety of sin and the devils' ways. He has shown how self-interest, creeping in unconsciously, very often mars many a so-called good work of our Christian heroes and great men. In all our endeavours in backing up certain movements, yea, even movements of reform to the better, it is proper for Christian people to examine their motives and intentions, and find out if they are always controlled by commitment to God's purpose of love for all men. This affects, if you do not see it, how you vote, for whom, what party you back up and why?

"In public life there are available more elaborate rationalizations of pride and self interest and hostility." An examination of our motives and intentions will be backed by our own understanding of the universality and persistence of sin in human life, bringing home to us the truth that no wholly good social or political cause exists. For that reason we shall never go into any socio-political cause with the fanaticism of an idolator.

CHRISTIAN HOPE

When we have done everything in our power and failed, when darkness encompasses

and we are frustrated, let us not forget that God still is and His promises stand from generation to generation: "Heaven and Earth shall pass away but my words shall never pass away" or again "Behold I am with you always even unto the end of the world". He is the good shepherd even when we pass through the valley of the shadow of death.

In the Book of Jeremiah we find what is to me the most telling teaching on Hope inspite of odds and adversity. It is the parable of the Field. (Jeremiah 32 : 1—15).

Yes, whatever happens since God is God, fields "Houses and vineyards shall still be bought in Israel".

For right is right since

God is God

And right the day must

win

To doubt would be

disloyalty

To falter would be sin.

But please note that Christian Hope does not encourage sloth and empty complacency. The Change we hope God will bring about, He can only bring about with us working as His servants' soldiers.

Now I wish I had the time to draw out the relevance of all the foregoing to the South African situation but I cannot. Also I wish I could go together with you through the applications of these factors in the statements on matters of Church and Society of the WCC from Amsterdam to date. Again time does not permit.

But, I will not have done justice to my paper if I shall not give you a few telling quotations from the latest of these Statements. This is the statement of the WCC Assembly at New Delhi (1961). The relevant section is "On Service" the subject in Responsible Society dealing with Freedom Order and Power: Here are the quotations: —

1. "Recognition of the limitations under which Christians must live and work in many nations does not mean that one form of government is as good as another, that Christians can be indifferent to the nature of political in-

stitutions. It is possible for a Christian to live (or die) with integrity under any political system; it is possible for the Church to obey its Lord in all kinds of external circumstances."

2. "Love for the neighbour must move Christians to use whatever opportunities may exist, to work for political institutions which encourage participation by all citizens, and which protect both the person's freedom of conscience and his freedom to express his convictions. No present difficulties justify Christians or Churches in acquiescing in either old or new forms of tyranny."

3. "Christians can never give the State their ultimate loyalty. The Church must always see both nation and state under the judgement as well as the mercy of God as known in Christ. Churches must be prepared for conflicts with the state in any nation and under any political system. They should hope and pray and work for a political system which, within its own structure, expresses its recognition that man is not the creature of the state, that the state is not the Lord of the conscience."

4. "The Church cannot identify itself with any particular economic, social or political system. However, both because of the opportunities afforded by political action for the improvement of conditions and because of many forms of evil and suffering which results from the misuse of political power the Church should encourage the individual Christian to be active in the public life of his country. This is a form of loving service to the neighbour in solidarity with the life of the nations."

I leave it to you to apply these to the South African situation to which you and I belong.

In conclusion I must say something about how this Christian Citizenship we dream of can come... because our title says "of the Future".

THE ROLE OF THE CHRISTIAN YOUTH

The responsibility of bringing about a change sufficient enough to bridge the gulf between what I have said in this paper and what exists in South Africa and the world to-day is laid up the attitudes of Christian Youth. It is time Christian Youth started to take a living interest in these things. When I say "living" I do not mean academic interest where you have us coming to expand to you what the Bible, sociologists or theologians say about these things, but I do mean an interest that is participation in those ways and means that are being tried to bridge the gulf between what we believe and what we do.

What disturbs me about our Church Youth is that they are so full of "good Christian" people. They are so placid and peaceful that the young fellow to whom questions of social and political nature are living has no place in them. The result is that young persons with independent thought or opinion on these things... those fellows we call "angry young men or rebels" — have to leave and find homes in atheist or agnostic groups. This is how Communists are made. Besides "woe unto us" if the change we seek in our Land and the World is going to brought about by Non-Christian people. The danger to our country is not the Communists, or the Nationalist Agitator be he black or white. The danger is the slothful, complacent Christian young person, black and white, who leaves to the Communist and Nationalist Agitator the Christian privilege of expressing dissention.

Further, there is something wrong somewhere with the Church if, as is happening among the non-whites to-day, the more vociferously radical and violently objecting find no place in its organisations. There is much greater danger to the Church if voices of dissen-tion in regard to matters of citizenship are heard outside and not inside it.

Drie Noodsaaklike Vrae

• Vervolg van bladsy 2

verbinding van mens en mens in 'n „huisgenootskap van die geloof" nie beperk tot één stam of één volk nie. Ook ons is dus nie verbonde aan ons vadere, deelgenote in die gelofte, omdat ons hulle „kinders of stamgenote na die vlees" is nie.

Die nuwe Israel is 'n Israel na die Gees, en ons bloeds- en bodem-gemeenskap met Charl Celliers en sy manne is nie deurslaggewend vir ons deelhê aan hulle gelofte nie. Soos ons gesien het was ons vadere daar bymekaar, nie as Afrikaners nie, nie as volksgenote nie, maar as sondaars wat uit „diepste van ellende" God om Genade gesmeek het, 'n Gena-de wat vir hulle venoor moes wees. Dat ons Afrikaners is is iets onbelangriks en nie ter sake nie as dit gaan om deelname aan daardie gelofte: Ons het daar deel aan, nie as hulle kinders nie, maar as „kinders van die belofte" (Rom. 9 : 8), as lidmate van 'n algemene en Heilige Kerk, die gemeenskap van die heiliges, wat oor alle nasies en tale strek. „Soos die Here ook in Hosea sê: Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie

my volk nie! — daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God." (Rom. 9 : 25, 26). Die Christen sprekende óf Xosa óf Zulu mag hierdie gelofte en verbond nie uitgesluit word omdat hulle nie ons „stamgenote na die vlees" is nie.

„My broeders", sê Jakobus, „julle geloof in onse Here Jesus Christus... moet nie wees met aanname van persoon nie... het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgenome van die Koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom lief het nie?" (Jak. 2 : 1 e.v.). As ons hierdie mense uitsluit het ons van die „Heilige God van Hemel en Aarde" 'n volks-god gemaak, en dan is die gelofte en die verbond van Charl Celliers vir ons tot 'n oordeel omdat ons „die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper" (Rom. 1 : 25). Maar dan het ons die verbond ook grondig verwerp en het ons geen deel daaraan nie omdat ons voorgegee het dat ons wys is terwyl ons dwaas was om die „heerlikheid van die onverganklike God" te „verander in die gelyk-

vormigheid van die beeld van 'n verganklike mens" (Rom. 1 : 22, 23).

Alleen die gelowiges uit alle tale en volke dus het deel aan hierdie verbond. „Want daar is geen aanname van die persoon by God nie... omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders" (Rom. 2 : 11, 13). Ook ons moet daarom oppas, soos Jesus sê dat die hoere en die tollenaars ons hier nie voor gaan in die koninkryk van God nie. (Matt. 12 : 50)

By elke Geloftedag kom ons byeen om 'n gelofte wat ons voorouers aan God afgelê het te gedenk; en die vraag wat ons aan ons self moet stel is: Is hierdie gelofte nog ons erns? Is ons hier bymekaar in die vreugde van 'n „groot oorwinning oor donker Afrika", waarin ons 'n voorbeeld sien van „die oorwinnings van ons volk op die pad van Suid-Afrika"? Of is ons hier bymekaar in die vreugde van ons Meester, en Sy oorwinning oor die dood op die weg deur Gethsemané na Golgotha? Soek ons vandag daarna om deel te hê aan die sterke, „natuurlike bande van bloed en bodem", wat „geslag aan geslag verbind" in 'n „stryd wat gevoer sal word tot ons sterf of oorwin het"? Of

soek ons daarna om deel te hê aan die Mistieke Liggaaam van Jesus. Sy onsterlike kerk, in 'n stryd waarin ons alleen dán oorwin as ons aan ons self gesteri het? Word ons vandag aan 'n „glorieryke verlede" verbind daarin dat ons die „grootsheid en die heldhaftigheid" van ons voorouers in herinnering roep? Of is ons daarin aan ons voorouers verbind dat ons voor God erken en bely en betreur dat ons en ons vadere saam voor God gesondig het? Waar lê vir ons die „heilige grond"? Daar waar die „bleek gebeentes" van ons voorouers ons „nae uit grafte" waaraan ons die gras van vereeuwensindheid nie wil laat groei nie? Of by die Kruis waar alles wat ons het, ons sondes sowel as ons ideale voor God afgelê moet word?

Ons is hier om 'n oefofte stand te doen wat voor die Heilige God van Hemel en Aarde afgelê is, en ons sal op hierdie vrae voor God moet antwoord as hierdie dag vir ons nog ons erns is en ons woorde nie vdel en godslasterlik nie. Laat ons dan nie roem nie, maar saam met die sterwende Willem die Swyer voor God inneensink en om genade bid: „O God, ontferm u oor ons arme volk! O God, wees hierdie arme land barmhartig!"

Dat hierdie vereenselwiging misverstaan en gekritiseer sal word, moet ons verwag. Dit het reeds met die Meester en sy volgelinge gebeur (Luk. 5 : 30; 15 : 1—2; Gal. 2 : 11—12). Maar die waarheid van die Skrif mag nooit deur die vooroordeel van die sonde vernietig word nie.

BETEKENIS VAN VEREENSELWIGING

Die gelowige moet dan alleers met innige meegevoel die verlorenheid van mense gadeslaan. Dié gesindheid het die verhouding van die Meester teenoor die wêreld van sy tyd gekenmerk (Matth. 9 : 36). Soos liefde vir die wêreld Hom na die aarde bring het, (Joh. 3 : 16), moet sy liefde in die kerk uitgestort, ons dring om na die wêreld te gaan. Hierdie liefde is geen hooghartige simpatie nie, maar 'n innige meegevoel, 'n eenwording in ons menswees met die magteloosheid van die wêreld, met die „skape wat geen herder het nie“ (Matth. 9 : 36).

Dit is geen maklike taak om die kruis van die wêreld se sonde wat die gelowiges moet dra, elke dag op te neem nie. Die gelowiges moet dit dra nie omdat hulle daarvoor verantwoordelik is nie, of die straf daarvoor moet ondergaan nie, maar omdat hulle moet neerbuig na 'n verlore wêreld en in hul solidariteit met die wêreld die antwoord op die verlorenheid moet gee.

Soos die barmhartige Samaritaan wat by die gewonde neergekniel het om hom te help, kniel die kerk in grenslose mededoë by die wêreld om die antwoord wat God aan hem

KERK en Wêreld

II. VEREENSELWIGING IN DIE PRAKTYK

In die vorige artikel het ons daarop gewys dat die probleem van gebroke kommunikasie tussen die kerk en die nie-Christelike (en soms anti-Christelike) wêreld grotendeels ontstaan het omdat die kerk nie die skriftuurlike eis gehoorsaam het om hom met die wêreld in sy frustrasie te vereenselwig nie. Hierdie solidariteit beteken nie dat die kerk hom met die sonde van die wêreld vereenselwig nie, want hy moet homself rein bewaar in die wêreld en in die sondige wêreld moet gelowiges as heiliges optree (Filip. 4 : 22); dit beteken ook nie dat gelowigs 'n sosiale of antropologiese eenwording met die wêreld soek nie. Dit is 'n gawe van die self in die liefde van Christus aan 'n verloregaande wêreld.

toevertrou het, aan die gewonde en sterwende wêreld te gee. Want die doel van hierdie vereenselwiging is altyd om die redding in Christus mee te deel — die redding wat die antwoord op die gelowige se probleem geword het, en wat hy aan die ongelowige in die besondere omstandighede waaronder hy verkeer, wil meegee.

Daarom moet ons meer as oorwinnaars wees, want ons moet die genade van God in ons eie lewe ontvang, en dan nog ook genoeg om aan ons medemens uit te deel — 'n dubbele deel vir 'n gemeenskaplike probleem.

SELFGENIETING OF SELF-OPOFFERING?

Die aanname van Christus in die geloof mag nie as 'n weg tot selfsugtige en gemaksugtige genietinge van die heilswelde beskou word nie, maar as 'n weg tot selfopoffering. Die koringkorrel moet in die aarde val en sterf voordat dit vrugte kan voorbring. Die offer wat die Christendom vra, is 'n offer van die hele wese. As

iemand die antwoord van God in sy eie lewe gevind het, moet hy die antwoord, nie van buite nie, maar van binne hul eie situasie aan mense gee. Dit beteken gewilligheid om verneder te word, om selfverloëning te ondergaan, sodat die geleentheid geskep word om die seëning van die hemel aan ander te bring.

DIE UITDAGING TOT GROTER IDENTIFIKASIE

Ons sal baie nader aan die wêreld moet beweeg. Toe Paulus gesê het: „Vir die swakkes het ek soos 'n swakte geword; vir almal het ek alles geword om in alle geval sommige te red“ — het hy nie daardeur bedoel dat hy saam met hulle gesondig het, of sy Christelike beginsels prysgegee het, of hulle swakhede goedgepraat het nie, maar dat hy hom met hulle in hul nood en onmag vereenselwig het, langs en by hulle gaan staan het, sodat hy hulle kon help om Christus te vind.

Hierdie identifikasie veronderstel konsultasie met die wêreld,

reld, 'n gedurige gesprek, kennis van die wêreld se behoeftes en nood. Die kerk moet deur konsultasie die wêreld so leer ken dat die solidariteit tot redding kan wees. As die kerk slegs deur 'n groepie „geroepe“ sendelinge die wêreld wil bereik, kan hy die taak van konsultasie aan die paar sendelinge oorlaat. Maar die kerk word as kerk na die wêreld gestuur: dit is die hele kerk wat hom met die wêreld moet vereenselwig. Met elke deel van ons „wêreld“ — blank en nie-blank, oor alle grense wat daar bestaan, moet die kerk heengaan om in diensvaardige liefde die antwoord te bring.

Dit word vir die kerk van dag al moeiliker om hierdie konsultasie met die wêreld te voer. Die redes vir hierdie toestand is nie hier ter sake nie: die feit is van die allergrootste belang. Hoe kan die kerk hom met die probleem van bv. die nie-blanke vereenselwig as hy nie eers weet wat die probleem is nie, en geen kennis dra van die diepste behoeftes en aspirasies van die nie-blanke nie?

GRENSE WAT MURE WORD

Grense sal en moet daar altyd in die wêreld wees; maar die grense mag nooit verhinder dat gelowiges in die intiemste samespreking en vereenselwiging met mense aan die ander kant van die grense in aanraking kom nie. Vir die sending- en evangelisasietakaan die kerk is dit lewensbelangrik dat daar 'n ontmoeting met die wêreld moet wees, want geestelike isolasie is net so gevaelik en sondig soos geografiese afsluiting van die wêreld.

Sonder konsultasie in die intiemste sin is daar geen kennis en geen vereenselwiging nie, en sonder vereenselwiging is daar geen sendingaksie en dus geen gehoorsaamheid aan die opdrag van Christus nie. Die kerk sal moet streef om die deure wat hy self gesluit het, weer wyd oop te maak.

Dié konsultasie moet deur die kerk as instituut en as organisme gevoer word; die vereenselwiging kan alleen deur die kerk as organisme geskied, want die kerk as instituut kan dit nie doen nie. Dit is elke gelowige wat dit moet doen, in die situasie waarin hy staan en met die deel van die wêreld waarmee hy in aanraking kom. Dit is die dienswerk van die heiliges waarvoor hulle toegerus moet word (Ef. 4 : 12).

Daar is een allerbelangrikste vereiste vir hierdie taak, en daaroor skryf ons in 'n volgende artikel.

• Word vervolg

Sienswyse van Lesers

Geagte Redaksie,

Met belangstelling het ek die artikels van ds. R. Orr gelees: "The Dutch Reformed Churches, as they appear to a friend", waarin ek spesiaal my wil bepaal by sy kritiek op die houding tussen die Afrikaanse en Engelse kerke in ons land, en dat daar geen samewerking bestaan op algemeen Christelike gebied, waar die gemeenskaplike belang op die spel staan nie. Dit is seker betrouwenswaardig, maar last ons gaan wat die oorsaak is van die gebrek aan samewerking.

Wyle ds. Louis Brandt van die Hervormde Kerk in Johannesburg het altyd vir samewerking geywer, maar waardeur het die verwydering gekom?

Een van die oorsake is wel die Anglo-Boere-oorlog en die strewe van Lord Milner om die Afrikaanse volk op skool- en kerkgebied te verengels.

Die houding van die Engelse kerke teenoor die Afrikaanse was 'n gevoel van meerderwaardigheid: ons wil wel saamwerk, maar dan moet julle ons pype dans. 'n Bekende Presbiteriaanse predikant in Pretoria het 30 jaar gelede tot sy gemeenteledie gesê: „Julle moet nooit vergeet, dat die Afrikaners in Transvaal die oudste regte het en dat die Engelse eers n° die annexasie 'n rol van betekenis kon vervul nie.“

Dit is ook opmerklik dat die Engelse kerke, veral die Anglikaanse, in plaas van die lewendige Woord van God as sielevoedsel toe te dien, op die

kansel allerlei politieke kwessies bespreek, en dat hul mening gewoonlik in stryd is met die politiek van die regering en van die meeste lede van die Afrikaanse kerke.

So word deur Rev. Orr ook enige besware teen samewerking genoem, wat al drie op politieke terrein tuishoort, soos werkreservering, rasieklassifikasie en die verplasing van die Bantoes uit die Westelike Provincie.

Voorts kritiseer hy die samewerking van volk en kerk. Hy vergoet hierby dat in die stryd, wat die Afrikaners gevoer het tot handhawing van hul bestaan kerk en volk hartlik saamgewerk het teen aanvalle van Britse en liberale kant.

Aangaande die kritiek van Rev. Orr omtrent die neiging van sommige Afrikaanse predikante om baas te speel en die vrees van die lidmate om hulle predikant teen te spreek: hierdie kwand kom in alle kerke voor, en wat die Engelse kerke betref, veral in die Anglikaanse kerk, dus sal ds. Orr liever sy hand in eie boesem moet steek. Dr. A Kuyper in Nederland het reeds die vorige eeu teen hierdie euwel te velde getrek en wat hy noem dominokrasie bestry.

Maar daar is 'n terrein, waar samewerking tussen Afrikaanse en Engelse kerke nie alleen wenslik nie, maar noodsaaklik is, en dit is op die terrein van evangelisasie, waarby politiek uitgesluit word.

In Woord en Daad van 19

Oktober verskyn 'n artikel van dr. A. C. Barnard, Johannesburg, oor dié onderwerp. Die evangelisasiekommisie het oor 600 besoeke afgelê in Hillbrow en ander voorstede van Johannesburg, om afgedwaalde lidmate van die Afrikaanse kerke op te spoor en afgedwaalde en buitekerklike lidmate weer na die kerk te probeer terugbring. Aan die slot van sy artikel skryf dr. Barnard: „'n Groot aantal Engelse wat (sogenaamd) lede is van kerke of ook wat sonder kerkverband is, het die begeerte uitgespreek, dat hulle graag met 'n predikant van ons kerk wil praat. Dit gebeur dan ook baie dikwels dat die hele gesprek in Engels gehou moet word, omdat daar familielede of vriende is, wat geen Afrikaans verstaan nie.“

Hier het ons 'n ernstige probleem. Ons sal daarvan moet dink om of dalk dienste in Engels te hou of 'n Engelse afdeling van ons kerk in die lewe te roep".

Dr. Barnard behoort klaarblyklik aan die Ned. Geref. Kerk. Intussen het die Gereformeerde Kerk, Johannesburg-Sentraal, wat sedert die totstandkoming 10 jaar gelede, steeds evangelisasiewerk as 'n belangrike deel van sy arbeid beskou het, besluit om 'n predikant te beroen, uitsluitend bearbeiding van die talryke Engelse bevolking in die middestad, en ons bid en vertrou, dat die Here hier die regte persoon sal aanwys, wat in staat is om die vertroue van die Engelse te wen. Hierdeur sal ook die band en samewerking met die Engelse kerke versterk word.

Winburg. W. Hovy.

THE CHURCH IN AFRICA

Pro Ecclesia IMPORTANT CONFERENCE OF CHURCHES IN AFRICA.

Preliminary plans for an Assembly of churches in Africa to be held in Kampala, Uganda, April 20, 30, 1963 were made by an enlarged Provisional Committee of the All Africa Church Conference meeting at Mindolo Ecumenical Centre, Kitwe, Northern Rhodesia, August 29 — Sept. 6.

The theme agreed upon for the Kampala Assembly was "Freedom and Unity in Christ: Towards a Renewed Church in a New Africa". The 1963 Assembly will be the second All Africa gathering, the first having been held in Ibadan, Nigeria in 1958.

The Committee made plans to issue invitations to churches and National Christian Councils in every part of Africa and Madagascar to send representatives to the Kampala Assembly next year. It is expected that about 350 persons will attend.

Among the topics under the theme selected for discussions at the Kampala gathering will be "Christian Concern for the Family", "The Christian in the Community", "Economic Development in Africa and Christian Responsibility", "The Self-hood of the Church" and "Politics — Toward a Theology of Nationalism".

The Committee also made a proposal for organising the All Africa Church Conference on a permanent basis, and to

augment this proposal, suggested the establishment at the Assembly of Commissions on Studies, Mission and Evangelism, Work of Men and Women in Church and Society, Youth, and Education.

The progress of plans for the All Africa Christian Youth Assembly to be held in Nairobi, Kenya Dec. 27, 1962 to Jan. 7 1963 was commended and continued cooperation pledged. The Committee received reports on some of the projects and other actions in which churches and Councils of the All Africa Church Conference have participated within recent date: Rapid Social Change Studies, Urban Africa project, African Writing Centre, Sunday School Curriculum, Theological Education Fund projects in Africa, Broadcasting and Audio-Visual Committee, and Women's World Day of Prayer All Africa Fellowship.

In view of assistance and grants to the work of the All Africa Church Conference from churches and church bodies in other parts of the world, the Committee voted expressions of thanks and appreciation to all who had so shared.

Sixty leaders and representatives from churches in 23 countries in Africa and Madagascar were in attendance for the enlarged Provisional Committee meeting.

(From Release by the Planning Committee, Kitwe, 6th Sept.)

MULTI-RACIAL CONGREGATION IN EAST LONDON

Rev. Robert J. D. Robertson

Some months ago the Presbyterian Church of South Africa opened in East London a congregation designed from the start to be multi-racial. This effort has now achieved a reasonably steady existence and I would like to report thereon.

The idea was born about four years ago out of the frustration of ministering to congregations which were unwilling to consider any kind of permanent fellowship with people of other races. The Presbyterian Church is multi-racial but at congregational level there is a general resistance to any kind of mixing. The inter-racial fellowship of Presbytery and General Assembly is closed to all but ministers and a few elders. This means that the minority in our congregations who wish to meet and share in congregational life with Christians of other races are quite unable to do so, because of what the Cape Synod of the Dutch Reformed Church in a memorable decision once described as "the weakness of some" (now the weakness of many!).

It seemed to me that the only way to meet the desire of these persons was to form a new congregation which would be understood to be multi-racial from the start. This would permit the races to meet in Christian worship and to share in the responsibilities of membership in one congregation, but would force it on no one. When put to the General Assembly last year the proposal was adopted with only

two dissentient votes.

The success of such a scheme naturally depends a great deal on the place in which it is attempted. We chose East London not only because I was already living there and had made valuable contacts and advance preparations but for three other reasons also. East London is not too big a city and an experiment like this, which must begin in a small way, will not get lost in it. In East London there is an area of very mixed population where one can find five different races in five consecutive homes in a street, and this North End, as it is called, affords a place where every race can come without feeling a stranger. Unlike the Reef, East London has an almost homogeneous African population speaking only Xhosa and this simplifies the language problem.

As preparation I spent some time living in a rented room in North End in order to judge the lie of the land. I also instituted a monthly afternoon joint service between the various racial sections of the Presbyterian Church in East London which ran for about a year prior to the opening of the multi-racial congregation. The response to these joint services was erra-

tic and frequently disheartening, but they did prepare a group of people who were later ready to consider a more frequent service and a more permanent form of association.

The regular weekly services of the North End Church, which are held in a section of our home altered to provide seating for 85 persons, have in contrast been steadily supported since they commenced on the 18th March. Africans, Coloureds and Europeans appear at these services in roughly equal proportions, though the Africans have been more cautious about coming. The average attendance is 40 per service. These services, including Communion, and an occasional after-service cup of tea, hymn-practise or talk, have had a really hopeful atmosphere surprisingly devoid of tension. Once a month I have arranged for an African or Coloured minister to conduct the entire service preaching in English but leading prayer in his own tongue.

A tri-lingual hymnbook has been prepared, culled from the various translations that exist of hymns originally written in English. Each verse is given in English, Afrikaans and Xhosa though usually at any one time we sing in only one of these languages. So that the Afrikaans and Xhosa speaking members do not have to put up with "second-hand" hymns all the time we have commenced the translation of Xhosa and Afrikaans originals into

English. As far as I can determine this is the first time this has been done with Xhosa hymns. It demonstrates that through this congregation the spiritual heritage of the Xhosa Church is at last being shared with other races.

The congregation is governed by a Session of two African, one Coloured and three European elders, each at present seconded from another Session for this purpose. A somewhat prophetic atmosphere prevails in its meetings. So far we have simply encouraged people to attend services, but now the question of membership has been opened and a date set for a "Foundation Members' Service". This will be the real test of how far people are ready to go. Members will come under the care of an elder not necessarily of their own race. Baptism and confirmation, weddings and funerals will then take place in a multi-racial context. Members will co-operate in the various activities of a congregation.

The next minister to be called, should that stage be reached, will not necessarily be a European.

What results do we hope for from the formation of this congregation? We hope to give practical evidence to the Church that this kind of thing is possible. Many did us the kindness before we started of assuring us that it was impossible! We are discovering experimentally the richer life that Christians can find when

they lower the artificial barriers erected against their fellow-Christians. We hope to pioneer a way for the eventual de-segregation of the whole Church. That does not mean forced integration. It simply means the creating of a spirit of welcome acceptance of any man or woman in each congregation.

One might say that the way we have chosen is artificial, not spontaneous. But if a car is stuck in the mud and cannot get out spontaneously, we do not criticise the artificiality of employing a span of oxen to move it. Over the past 100 years the Church in this country has been slowly sinking into the mud of segregated worship. This developed sometimes from quite laudable motives such as advancing missionary work but often merely in obedience to secular pressures alien to the Church's nature. Now we are so firmly stuck that many are prepared to avow that God made us for the mud. A span of oxen is a rather cumbersome traction force but is better than nothing; and an ounce of rough and ready interracial worship is worth a ton of perfect "hot air" on the theory of race relations.

When the car is on solid ground again the oxen can be dispensed with; and when the Church has ceased to call its congregations "European", "Coloured", "African", "Indian", then the words "Multi-Racial" will gladly be dropped from the title of North End Presbyterian Church.

BOEKBESKOUING

DE KATHOLICITEIT DER KERK

Dr. H. Berkhof, G. F. Callenbach, Nijkerk 1962.

Feitlik iedere jaar verskyn daar van die hand van die bekende hoogleraar, Berkhof, 'n volstandige boek naas sy talle artikels oor aspekte van die Kerk en die kerklike lewe in ons eeu. Prof. Berkhof is historikus; maar sy oorwegende interesse, om uit sy publikasies te oordeel, lê in die tydgenoteerde geschiedenis van die Kerk, dit wil sê in die Kerk onderweg in hierdie eeu.

Dit verwonder daarom nie dat sy jongste boek een van die aspekte van die twintigste eeuse problematiek van die Kerk, die katolisiteit, behandel nie. Wie oor die ekumenisiteit van die Kerk praat, kan nie anders as van die katolisiteit van die Kerk praat nie. Ons kan nie oor die een besin sonder die ander nie. In die bovenoemde boek gee die skrywer 'n oorsig oor die besinning van ander oor hierdie onderwerp en voer hy sy eie besinning tot 'n Skriftuurlike fundering van die begrip.

Ons vertaal die grickse woord, *katholikos*, waarmee die Apostoliese Geloofsbelidensie die heilige Christelike Kerk kwaliifiseer, met „algemeen“.

Uit sy gebruik deur die kerkvaders, die belydenisse en tot by die reformatore bepaal die skrywer die betekenis. Niever nog die skakering van betekenisse van die „katolisiteit van die Kerk“ soos dit vandag bestaan in die Roomse, Anglikaanse, Lutherse en Calvinistiese opvatting. Telkens

gese van die woorde *pleroma* en *pleroun* in die brieke aan die Efesiërs en die Kolossense. Die eksagoge moet ten aansien van die betrokke verse antwoord op die vrae, wat vul Christus en hoe vul Hy dit wat gevul moet word. *Pleroma* beteken die dominium, die ge-

binne daardie heerskappy waarin profeties, voorbeeldend van die volle verwerkliking van die dominium en imperium van Christus, sy volmag nou reeds geld. Dis die Kerk. Christus se volmag oor die heelal nou nog verborge maar wesenlik teenwoordig, is in die Kerk.

BOODSKAP VAN DIE DIREKSIE

Van die sekretaris van die Direksie van Pro Veritate het ons die volgende boodskap vir publikasie ontvang:

By die oorgang van die een jaar na die ander is dit 'n goede geleentheid om 'n terugbliek te werp op die jaar wat agter lê. As ons dit doen vir sover dit ons blad betrek word ons harte met dankbaarheid vervul: dankbaarheid vir die groot mate van steun en simpatie wat ons uit alle dele van die land en ver daarbuite ondervind het; dankbaarheid ook vir die skrywers van artikels en vir hulle wat daarop gereageer het; dankbaarheid vir al ons medewerkers wat sonder vergoeding hulle tyd en kragte beskikbaar gestel het om die regelmatige verskynning met alles wat daarmee saamhang, moontlik te maak.

Pro Veritate word nie alleen in die Republiek van Suid-Afrika versprei nie, maar ook in Noord- en Suid-Rhodesië, S.W.A., Negerië, Nederland, Switzerland, England, Swede, Duitsland, Japan, die Verenigde State van Amerika en Brasilië. Orals geniet dit warme belangstelling.

Ons is ook dankbaar vir die kritiek wat ons ontvang het, geregverdig sowel as ongeregverdig, nie alleen omdat daardeur ons blad kosteloos publisiteit geniet het nie, maar ook omdat dit ons gedurig aanspoor om ons doelstelling suiwer te hou nl. die bevordering van die ope en eerlike gesprek tussen lede van die kerk van Christus sowel as die bevordering van die eenheid in ooreenstemming met Gods Woord van die lede van die kerk van Christus.

bied, van Christus. En dit is die gesnameerde heelal. Die woord beteken verder die imperium van Christus, sy volmagtige heerskappy oor die heelal Ef. 1:23 stel egter 'n gebied binne daardie gebied en 'n imperium

Die Kerk so funksie in die lig van die volheid en die katolisiteit is daarom om te wees „kosmiese-gatologies“ en „profeties-eksemplaries“. Die Kerk staan tussen die „alreeds“ van die huidige en die „nog nie“

van die eindtyd. Katolisiteit is enersyds die Kerk se uitgangspunt en andersyds haar eindpunt.

Uitersaard het die verdere vraag, hoé vul Christus die heelal, ewe-eens betrekking op die Kerk. Die Kerk, lewend te alle tye en in alle dele, moet uitbrei onder alle nasies. Hier val apostolaat en katolisiteit saam, maar hier val ook ekumenisiteit en katolisiteit saam. Ekumenisiteit is nie self katolisiteit nie; dis die anderant en die konsekvensie van die katolisiteit, die kosmiese heerskappy van Christus.

Na hierdie skriftuurlike principiële bepaling van die aard en inhoud van die „katolisiteit van die Kerk“, keer die skrywer na die skema van die begin van sy boek terug. Onder die opschrift, „Belemmeringen der katoliciteit“ meet hy op die ry af die onderskele kerklike groeperinge in hul belydenis en hul belewenis aan hierdie skriftuurlike ei. In een of meer opsigte skiet almal te kort.

Die boek sluit met 'n uitersbelangrike heenwysing: Die katolisiteit van die Kerk sluit haar eenheid, sikhare eenheid in. Dis egter nie al nie en dis nie genoeg nie: Katolisiteit beteken en is die vulling, die groei tot die volheid van Christus in die gelowige en in die gemeenskap van die heiliges. Eenheid en volheid en die groei tot beide is onlosmaaklik aan mekaar verbonde.

Hoe aktueel en hoe tydig hierdie vlotgeskrewe en maklik verstaanbare werk verskyn het, hoof nie nader aangewys te word nie.

Albert Geyser

CHRISTIANITY

These are large and vague terms and the conjunction of the two makes them even larger and more vague. There are many kinds of Christians, some of whom do not acknowledge others. The title "democracy" is used to cover widely different societies with varying ideologies, some totally opposed to others. We use these two words loosely, thinking we know what we mean and mean what we say. Quite often we do not.

It is assumed that there is a necessary connection between the two. Christianity, it is said, must mean democracy, generally of the kind, one man, one vote. But this is by no means proved and needs careful consideration.

CHRISTIANITY AND TOTALITARIAN CLAIMS

It is quite true that Christianity confers upon the individual everlasting worth and significance and it is no accident that the decline of Christianity should have coincided with a monstrous invasion of the rights of man. The totalitarian regimes could not have imposed their total claims on men save in the twilight of Christianity in the lands where they flourish. Nor is there any justification, ultimately, for the repudiation of the tyranny they represent other than the Christian valuation of man as an end in himself. Democracy in the modern world cannot resist totalitarian claims by a vague and tepid belief in human decency. It can stand only if it can strengthen that belief with the conviction religion can supply.

CHRISTIANITY'S EVALUATION OF MAN

Our religion puts an infinite value on the individual but we commonly forget that this is not because of what he is now but of what, by the grace of God, he may become. Christian democracy is something

different in kind from the democracies of this world. It is a democracy of sin and grace and in it men are in a kingdom, bound together by their common relation to the King. It is not sufficient that a man be just a man. He has no rights in himself. Indeed, because of the evil in his nature, having its roots far back with which he is powerless to deal, he cannot enter the kingdom. Until by repentance and faith he has come into a right relation with the King he has no part in the kingdom.

The love of God yearns after him while he is outside, but even that love can confer no rights upon him until he is inside. Too often we have conferred rights upon all and sundry irrespective of their spiritual allegiance and have made it an axiom that every man, because of Christianity, has a right to a place and a share in the government of any true democratic order. This is a non sequitur of the most obvious kind.

Rights have to be taken as well as given. To be rightly taken they must be understood. Taking and understanding mean the acceptance of responsibility. In our age, as in the Garden of Eden, there is much emphasis on rights and very much less on responsibilities.

THE MEANING OF DEMOCRACY

Democracy is a word which

AND DEMOCRACY

must be redeemed by reconsideration. The word means literally government by the people, and that is thought to be an axiom, a self-evident truth. Theodore Parker, nineteenth century American preacher and campaigner against slavery, exalted democracy as "a government of all the people by all the people, for all the people; of course a government after the principles of eternal justice, the unchanging law of God". This is the kind of loose oratory we too often get in sermons. There is no "of course" about it. Democracy can mean something very different from either eternal justice of the law of God. Democracy, as Oscar Wilde said, can mean "simply the bludgeoning of the people, by the people, for the people". A perfect democracy, said Burke, is the most shameless thing in the world because "their own approbation of their own acts has to them the appearance of a public judgment in their favour".

EUROPE'S TRADITIONS OF LIBERTY

In European history there are two traditions of liberty, vitally different. One began in England; the other in France. One was and still is empirical and unsystematic, the other speculative and rationalistic. In the one the keynote is development with the least possible interference of public power. In the other organisation with

considerable interference of that power. One stands for slow, half-conscious growth, the other for doctrinaire deliberateness; one for trial and error procedure, the other for an enforced pattern which alone is valid.

These two traditions are of interest to the theologian because of their different views of human nature. The rationalistic design theories were based on the assumption of man's individual propensity for rational action and his natural intelligence and goodness. The evolutionary theory made allowance both for the fact of sin and the guidance of God. To omit these is a fatal error. It is easy to see that a planned democracy, relying mainly on blueprints, must, owing to human sin and cussedness, become a dictatorship to maintain its plan, and, even then, the dictatorship usually outlives the plan.

RELATION BETWEEN CALVINISM AND DEMOCRACY

In the Presbyterian churches we are the heirs of Calvin and it is instructive to note the relation between Calvinism and democracy. In Calvinism the importance of the individual is the resultant of several things working together. The first is the sovereign grace of God directed towards the believer. This is, so to say, the spotlight of the universe, and in its blinding ray he stands

marked and clear. Second, his acceptance of that grace makes him one of the elect, a status far above all titles and prizes of this world. Third, that election demands of him work and stewardship which together add up to high responsibility. The whole make the dignity of the Calvinistic man, than which there is no greater.

In America this Calvinistic man was created before the coming of democracy for everyone, and thus the art of democracy did not come before the horse of character. The man deemed worthy of power is one who has been educated in the love of order, habituated to self-government. "Such government as ours", said Woodrow Wilson, "is a form of conduct, and its only stable foundation is character. It is the heritage of races purged alike of hasty passions and patient servility and schooled in temperate common counsel".

CHRISTIANITY AND UNIVERSAL SUFFRAGE

It is often thought that the immediate conferment of universal suffrage is in accord with both Christian and British tradition. In fact, it is neither. Universal suffrage was not attained in Britain until 1884 and for women not until 1928. The supreme importance of the individual to Christianity is his importance as a soul in the sight of God. What has actually happened in Africa is very much more in accord with the French tradition than the British, and the most curious and calamitous thing is that the Westminster model of parliamentary government has been presented as a primary and necessary blue-print instead of the culmination of long processes of training in character and method.

BOEKBESKOUING

De Brief aan de Hebreërs, deur dr. H. van Oyen, in die reeks De Prediking van het Nieuwe Testament, Derde Druk 1962, G. F. Callenbach N. V., Nijkerk.

In hierdie welbekende reeks uit die geledere van die Herstelde Kerk in Nederland het die derde druk van die Kommentaar van dr. Van Oyen oor die Hebreërbrief verskyn. Ons mening is dat hierdie kommentaar 'n goeie toevoeging is tot die literatuur oor hierdie pragtige Bybelboek, waarvan die taal en styl van die skoonste is in die Nuwe Testament.

Wanneer 'n mens 'n kommentaar lees, is daar sekere else wat 'n mens stel of begeertes wat bevredig moet word om dit m.i. te laat slaag. In die eerste plek wil 'n mens graag dit aanvoel dat die skrywer sy stof goed beheer en met gebalanseerde ekonomiese sy weg vind deur al die dinge wat nie reds oor dieselfde stof gesê is. Dit moet vlot lees, nie 'n gespartel in kleinlike skermutseling wees met mense van wie verskil word nie, maar 'n waardige ontleding van wat daar staan in die Skrif, met die nodige kennissame van ander skrywers wat miskien in hierdie verband iets opmerkenswaardig gesê het. Hierdie kommentaar onder bespreking voldoen m.i. volkomme aan hierdie vereiste. Dit lees vlot, is waar-

diglik opgestel, verval nie in kleinlkhede nie, maar hou die groot lyn. Dit is ook mooi gedruk met 'n mooi letter, wat dit werklik aantreklik maak om te lees.

So 'n kommentaar moet verder nie terugdeins om tog tot die essensie te probeer deurdring nie. Die teoloog sal daarna verlang, om, sonder om op al die taalkundige kwessies in te gaan, tog te weet wat die skrywer dink van sekere pertinente sake waaroor die teks uitsluitelik moontlik kan gee. Hierdie kommentaar weifel nie om by tye die oorspronklike Grieks aan die orde te stel nie, maar op so 'n manier dat dit nie die werk onnodig verswaar nie. Mooi dinge word aksentueer, dinge waar die Griekse teks ons kan help om skakering van betekenis better te verstaan. As van die duivel se mag ten opsigte van die dood gepraat word, 2 : 14, word daarop gewys dat die Griekse praat van kratos, geweld, terwyl Christus se mag 'n allesoorheersende is, eksousia, voor wie alles en almal moet buig. 'n Mens kan van skrywer verskil oor sekere interpretasies, bv. of die woord, apagelo, vir verkondig, 2 : 12; 'n verwysing is na Jesus as die ware engel of boodskapdraer Gods huis in teenstelling met die engele wat in die voorafgaande gedeelte minderwaardig aan Hom gestel is? In elk

geval is dit 'n werk wat die teoloog bevredig, omdat dit op 'n manlike manier tog indief in die verskillende eksegetiese probleme.

'n Kommentaar moet verder die Woord só verklar dat die gewone leser ook die kristallisatie van die gedagtes van die skrywer kan verstaan en waardeer. Dit moet die boodskap van die Skrif op 'n bevattlike manier laat spreek. Hierin slaag skrywer m.l. uitnemend. Mooi is sy uiteensetting in verband met die verheerliking van die Seun van God, 1 : 5-14. Treffend is sy tekening van die solidariteit van skrywer met sy gemeente in 2 : 3, wanneer hy saam met hulle homself ook waarsku teen die verontgaamming van die saligheid. In 2 : 4 vind hy 'n pragtige tekening van die wese en grondslag van die kerk: Christus die Heer as die Grondslag, die Heilige Gees wat deur tekens en wonderen en inwoning in die harte die ruimte skep waarin Christus Sy Woord kan jaat klink en waar maakt, en hulle wat hoor en as getuies dit nie mag verontgaam nie, maar moet uitdra.

Ons sou miskien iets meer en miskien duideliker sy standpunt wou verneem het l.v.m. die moeilike Hebr. 6 : 4-6 O. I. ss ons hom reg verstaan, kom die volharding van die heiliges in 'n mate in gedrang deur sy interpretasie. Hierdie is seker een van die moeilikste tekste in die Bybel, wat selfs vir Luther probleme geskep het.

Dit is egter 'n kommentaar wat ons baie graag wil aanbeveel. Dit tref ons dat Calvyn met groot waardering van tyd tot tyd aangehaal word. Dit alles maak van hierdie werk iets besonders en dit is nie vreemd

dat 'n derde druk daarvan in 1962 moet verskyn nie. Die eerste druk het in 1939 verskyn onder die titel: „Christus die hogepriester".

J. L. de V.

DIE KERK IN AFRIKA

SYPEL KOMMUNISME IN AMERIKAANSE KERKE IN?

Watter waarheid steek daar in die aantygings van 'n kommunistiese suurdeeg in die kerk? 'n Afdoende antwoord word verskaf deur William C. Sullivan, hoofinspekteur van die Federal Bureau of Intelligence en een van hierdie liggaam se beste kenners van kommunistiese bedrywigheede in Amerika. „Dit is 'n onomstootlike feit," het hy verklaar, „dat enige bewering as sou daar 'n aansienlike insypeling van Kommunisme in die gelede van ons Amerikaanse predikante wees van alle waarheid ontbloot is. Die trou van die oorgrote meerderheid van Amerika se predikante is bo alle twyfel verhewe. Hulle is van ons mees konsekente en vasberade teenstanders van Kommunisme. Die feit dat hulle al die geld en tyd wat Kommuniste aan propaganda bestee het om hulle te beïnvloed, suksesvol weerstand gebied het strek hul tot groot eer."

Dit bevestig seker genoegsaam die berekening van Ralph L. Roy: "Communism and the Churches" dat daar sowat 25 predikante uit die

halfmiljoen evangeliedienaars in Amerika is met kommunistiese neigings, en nie een van die 25 is nog in die evangeliebediening nie.

PRO VERITATE

Published the 15th of each month. Correspondence: Administration.

Address all letters for the Editor and Administration to P.O. Box 487, Johannesburg.

Editorial Committee:

Dr. P. G. Geertsma,
Prof. Dr. J. C. G. Kotzé,
Rev. E. E. Mahabane,
Rev. R. Orr,
Prof. Dr. A. van Selms and
Rev. J. W. Wessels.

Editor:

Rev. C. F. B. Naudé.

Subscription:

Republic of South Africa, S.W.A., Rhodesias and Protectorates: R2 per year, payable in advance.

Overseas: R2-50 per year in advance.

Cheques and Postal Orders must be made out in the name of "Pro Veritate", (Pty.) Ltd.

Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Epk., Olénlas, Potchefstroom, vir die elenaars en uitgewers, Pro Veritate (Edms.) Epk., Postbus 487, Johannesburg.